



TOULEIER



Soet russians en papierwerk in Taipei

Hoofstuk 4 Deel 4

In my hotelkamer in Taipei gekom, neem ek 'n lekker groot hap aan wat ons as 'n russian ken in Suid-Afrika. Dis asof my smaakliere in 'n bus vas hardloop.

Ek het 'n lekker varkvlies-smaak met 'n sout ondertoon verwag. Stroopsoet! My maag gooi eintlik so 'n bollemakiesie draai. Walglik! Ek besluit om summier die namaaksel van 'n wors in die toilet af te spoel en ontdek toe sommer ook die eerste verskil tussen toilette in Suid-Afrika en in die Ooste. Elke ordentlike toilet kom saam met sy eie tuinslangetjie! Kompleet met 'n nuttige kraantjie wat jy met een hand kan gebruik. Amper soos 'n klein rewolwertjie.

Ek wonder vandag nog hoe mens jou nou eintlik moet droog maak en of jy maar moet drupdroog soos ek moes.

Die volgende oggend en feitlik die hele dag word in beslag geneem met mediese toetse. 'n Groepie van ons nuwe rekrute word heen en weer deur Taipei se besige strate gekarwei en elke aspek van jou gesondheid word ondersoek. Hulle wil nie net kan sien of jy perdfris en gesond is vir werk nie, maar ook verhoed dat jy een of ander pes die land inbring. Gelukkig is ek sedert Suid-Amerika al gewoon aan al die soorte toetse. Die ander maters frons lelik toe hulle daardie klein buisie met die lepeltjie in die prop aangegee word. Daar is natuurlik net Sjinees op geskryf en ek verduidelik waarmee dit gevul moet word. Ook dat jy dit nie dadelik hoeft te gaan doen nie, maar darem sodanig moet beplan dat jy dit binne paar uur weer by die laboratorium kan aflewer.

Soos dit 'n projek van soveel miljard betaam, het THSRC (Taiwan High Speed Rail Company) omtrent al agt vloere van 'n gebou in die middestad oorgeneem. soos jy jou pad opwaarts ploeter deur al die papierwerk, raak die Ghwailouws (Sjinees vir spoke, soos hulle ons Westerlinge met ons bleek gesigte noem) al hoe minder.

Uiteindelik eindig ons klompie nuwelinge op die sewende vloer in die raadsaal waar ons die hoof van die projek ontmoet. Dis 'n dame! Nita Ing maak 'n punt daarvan om al haar werknemers persoonlik te ontmoet. Sy besit ook die lugvaartmaatskappy Eva Air wat die meeste privaat kapitaal bygedra het tot die projek.

Ongelukkig het sy ook aangedring dat die projek bestuur moes word soos 'n lugdiens. Dit beteken onbegryplik baie papierwerke en als word tot die minuut beplan en rapporteer. Verbeel jou jy wil 'n dag of twee af neem en jy doen aansoek om Vrydag die 13de af te neem en die volgende Dinsdag die 17de weer in te val. Ses bladsye wat elkeen ten minste vier handtekeninge op kry. Hulle handtekeninge word nie met die hand geteken nie, maar gestempel met sulke houtstafies met hulle griffelskrif daarop.

Vergeet jy om op jou vorm aan te dui jy teken uit om 16:55 en weer in om 07:54, dan kom die vorm terug. Doen jy dit volgens voorskrif, kry jy 'n minuut oortyd! Teken jy laat in, trek hulle geld af. Nog nooit weer daarna het ek gekla oor te veel papierwerk nie.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Nuwe SA woorde in die Oxford woordeboek

Die Oxford English Dictionary het einde 2018 nog 'n paar Suid-Afrikaanse woorde wat wyd gebruik word gevoeg by die sowat duisend SA woorde in sy woordeboek. Oxford sê Afrikaans is 'n besonder ryk bron van sulke leenwoorde.

Deurmekaar kom al uit 1871 en beteken iets is 'confused, muddled, or mixed up'.

Die bywoord **voetstoots** is in 1883 die eerste keer in Engels gebruik en is 'n wetsterm en beskryf die koop of verkoop van items in hul bestaande kondisie.

Die oudste leenwoorde dateer van die laat 19de eeu: Amakhosi (1857) vir stamleiers en ubuntu, wat die fundamentele waardes van menslikheid of Afrikaanskap is. Behalwe leenwoorde word Suid-Afrika ook verteenwoordig deur gebruike en kombinasies van Engelse woorde wat in die laaste helfte van die 20ste eeu in gebruik gekom het.

Die volledige lys van nuwe SA byvoegings sluit in:

amakhosi; bunny chow; deurmekaar; district surgeon; dwaal; eina; gumboot dance; howzit; ingcibi; ja; ja well no fine; mzansi (suid); sakkie-sakkie; sarmie; shackland; skedonk; spaza; tickey box; traditional healer; ubuntu; voetstoots; Wine of Origin.

AAN DIE PEN RY - uitleg

Verantwoording doen. 'n houtpen is deur die neus van 'n vark gesteeke dat die dier nie kon vroetel of woel nie. Ander diere is met 'n tou of riem aan 'n pen vasgemaak sodat hulle kon wei maar nie wegdwaal nie.

Om aan die pen te ry se figuurlike betekenis is om vas te wees - soos in die hande van die gereg, vlg. A F Prinsloo 'Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom.'

ONGEWONE OU WOORDE

Ongans (geselstaal, ongewoon)

Ongesteld of omgekrap as gevolg van te veel kos of drank, of enigsins siekerig of sieklik. Kos wat ongans is, is nie meer veilig eetbaar nie.

Oulap en 'n bokstert. Iets is waardeloos, baie goedkoop - dit kos 'n oulap en 'n bokstert. 'n Oulap was 'n pennie. 'n Twalap was twee pennies.

Ongans - nie meereetbaar nie. Ongesteld of omgekrap as gevolg van te veel kos of drank, of enigsins siekerig of sieklik.

Komkommertyd

'Kommkommertyd' is 'n uitdrukking wat veral in nuuskantore gebruik word: Daardie tyd van die jaar (gewoonlik in die feestyd) wanneer nuus skaars is en daar geraap en skraap moet word om die koerant vol te kry.

Maar waar kom die woord vandaan?

Vir telers van komkommers en ander produkte val die drukste periode in die somer omdat dit so arbeidsintensief is. Baie ander bedrywe en ook die media het weinig wat in dié tyd gebeur. Baie mense is dan ook op hul somervakansie, sodat talle bedrywe op halfkrag loop.

In Nederlands word daar gepraat van '*plattenbonentijd*' en in Duitsland is die uitdrukking '*Sauregurkenzeit*,' oftewel '*zurebommentijd*'.

In Noorweë en Denemarke praat hulle van '*agurk(i)etid*' en in die VSA '*the big gooseberry time*'.

En in Pools sê hulle '*sezon ogórkowy*' wat letterlik 'komkommerseisoen' beteken!

Giggels

Lawwe grappies, party is selfs snaaks!



SKOONMA

Toe die vrou van die werk af kom, lê haar man met 'n bier voor die TV.

"Jou ma was vandag 'n paar keer hier," sê hy.

"Wat wou sy hê?" vra sy.

"Dat ek die deur vir haar moet oopmaak."

VAT DIE KAR!

"Ek het eelte op my hande van die besem!" kla die vrou.

"Dan moet jy maar begin om die kar te gebruik," sê hy.

KELNER

Twee pa's gesels. "Wat wil jou seun word?"

"Seker 'n kelner."

"Hoekom so?"

"Want hy kom nooit as ek hom roep nie."

Ek het lank gesoek na daai ding wat aartappels en wortels skil. Toe onthou ek ons is nie meer getroud nie.

LAATNAG LESING

Die ou was 89 toe die polisie hom laatnag aftrek en vra waarheen hy op pad is.

"Ek is onderweg na 'n lesing oor die effek van alkohol en sigarette op my ligaam en laat uitbly."

"Regtig? En wie gee hierdie tyd van die nag so 'n lesing?"

"O, dit sal my vrou wees."

SEESIEK

Die passasier is groen om die kiewe en hang oor die reling van 'n passasierskip.

Sy simpatieke vrou klop op sy skouer en vra: "Moet ek vir die kelner vra om jou kos hierheen te bring sodat jy dit in die opelug kan eet?"

"Nee," grom haar man, "sê hy moet dit vir my bring en oor die reling gooi. Dit sal my baie moeite spaar."

RYERS EN BLYERS

Daar's twee soort mense by 'n braai: Dié wat wil ry, en dié wat wil bly. Gewoonlik is hulle met mekaar getroud.

Die lekkerste dinge in die lewe maak jou vet, dronk of swanger.

KUNSUITSTALLING

Die jong kunstenaar stelsy werk vir die eerste keer in die openbaar ten toon. Daar is heelparty mense en daar is ook 'n beroemde kritikus in die gehoor.

"Wil jy graag my opinie hoor?" vra hy aan die jong kunstenaar.

"Ja, graag!"

"Dis waardeloos."

"Aag," sê die jongeling, "ek wil dit tog graag hoor."

SKROEWE

Mike: "Het jy geweet die vliegtuig se skroewe is om die vlieënier koud te hou?"

"Regtig, Kallie?"

"Ja. Het jy al gesien hoe sweet hulle as die skroewe gaan staan?"

PEANUTS deur Schulz



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die advertensie in die koerant het gelees:

Suurlemoenplukkers benodig in Laeveld

Leonora Swanepoel van Krugersdorp het aansoek gedoen vir die werk wat niemand wil doen nie.

Leonora het 'n graad in die fyne kunste van Tukkies en het lank as 'n sosiale werker en onderwyser gewerk.

Die voorman het haar aansoek gelees en gefrons.

"Ek kan sien jy is goed gekwalifiseer en jy het indrukwekkende getuigskrifte. Maar het hy enige ondervinding van suurlemoene pluk?"

"Wel," sê sy, "eintlik het ek. Ek is drie keer geskei, ek het twee Fords besit, een keer vir Thabo Mbeki en een keer vir Jacob Zuma gestem."

Sy het die volgende dag begin suurlemoene pluk.

Tafelberg is een van die heel oudste berge

Tafelberg is een van die oudste berge ter wêreld: ses keer ouer as die Himalajas en vyf keer ouer as die Rockies. Tafelberg het 800 miljoen jaar gelede begin toe sandsteen onder water begin vorm het.

Sandsteen is relatief sag, maar het sy krag gekry deurdat magma deur die aardkors gestyg het. As magma die oppervlak bereik, vorm dit dikwels 'n vulkaan. Maar in hierdie geval het dit ondergronds gestop en harde graniet gevorm. Granietrotse is oral langs die Skiereiland se kuste te sien.

Die berg was sowat 300 miljoen jaar gelede tydens 'n ystydperk nog op seevlak en yslae het die lae sandsteen plat gedruk en die plat oppervlak van vandag gevorm.

Drie manne en 'n sesvoetvis

Die drie latte het vir 'n drinknaweek afgesit Gansbaai toe. Dit kon ook 'n ander kusplek gewees het.

Vir die wis en die onwis het hulle 'n visstok saamgeneem en gooi hom voor hul terugkoms en minder gepleister in die see en siedaar! Hulle trek 'n yslike vis

van ses voet uit!

Hoe nou gemaak? Hulle besluit om hom maar huis toe te neem. Hulle draai hom in 'n ou slaapsak toe en bind hom op die kar se dak vas.

By Houwhoek gooi hulle petrol in en die joggie wil weet watse bloederigheid loop by die sak uit.

"O," sê hulle, "ons het so

'n end terug 'n man doodgery en vat hom net gou lykshuis toe in Somerwet-Wes."

Toe hulle die middag met Sir Lowryspas afkom, staan daar 'n plaat polisiekarre en twee ambulanse op hulle en wag en 'n chopper kom land.

Nuus versprei vinnig!

VYF VREEMDE FEITE

1. As jy deur weerlig getref word, sal jou vel tot 28,000 °C verhit. Dis warmer as die Son se oppervlak.
2. As jy jou stamboom 25 generasies terug naspoor, sal jy vind jy het 33,554,432 voorsate.
3. Die gemiddelde afstand tussen sterre is 20 miljoen myl.
4. Dit sal 'n moderne ruimteskip 70,000 jaar neem om by die naaste ster te kom.
5. 'n Asteroïde het elke enkele dinosaourus op aarde uitgewis, maar nie 'n enkele spesie padda of salamander is geraak nie. Niemand weet ook hoekom al die krokodille en skilpaaie oorleef het nie.



Geheim van die piramides nou ontrafel

Daar word al baie lank gewonder, geteoretiseer en bespiegel hoe die piramides gebou is. 'n Professor van Nieu-Seeland het nou met gesofistikeerde toerusting vasgestel dat daardie piramides met die bokstegniek gebou is en die stene nie op stompe aangerol is nie. Dit is 'n groot deurbraak.

Hulle het die klippe ontleed waarmee die piramides gebou is deur dit in hoë resolusie-kapsules te laat draai. Sodoende het hulle vasgestel dat die klippe 'n samestelling van verskillende materiaal soos fyngekapte strooi, gemaalde klip en sand is. Dié mensel is in 'n boksvorm gegooi en toegelaat om te set. Met dié bokstegniek het hulle die piramidestene laag vir laag tot bo gebou. Die materiaal is as pap mengsel in die bokse gegooi.

Hulle het van steierwerke gebruik gemaak om die bokse en sy inhoud boontoe te neem. Piramidetekste en -sketse het die professor se waarneming bevestig.

In Rome het hulle die versteende vulkaniese as onder die stad uitgehaal en dit in bokse gegiet en onder water laat verhard. Daardie stene is die hardste en sterkste wat tot hede nog gemaak is. Dit is waarom soveel brûe en geboue (Colloseum, Circus Maximus) steeds so stewig staan.

Ondergrondse stad gevind



gebou is.

Die stad is ondergronds aangelê sodat hulle nie deur die vyand raakgesien kon word nie. So het dit gekom dat Alexander die Grote die stad ook tydens sy veldtogte misgekyk het.

Die stad is geensins primitief binne nie, maar lyk verstommend gesofistikeerd vir sy tyd. Die uitleg binne is ook van so 'n aard dat dit vir die vyand byna onmoontlik was om in te neem.

'n Ander ontdekking is in die suide van Turkye gemaak. 'n Man sy huis vergroot sodat sy seun met sy gesin ook daar kon bly.

Toe hy 'n muur in die kelder uitkap, het 'n groot gat agter die muur oopgegaan. By nadere ondersoek het argeoloë toe 'n stad met 'n kapasiteit van 20 000 mense ontdek wat onder die grond

Treuringheid op note!

Dan is daar die storie van die man wat 'n baie droewe aand beleef het.

Hy was al in sy outydse nagkabaai toe hy iets verdag buite hoor. Hy loop toe na die glasvoor deur en loer uit. Net toe kom sy hond van agter af en leksy boude. Die man het só groot geskrik dat hy deur die glas deur val.

Sy vrou het die bloed van die vloer opgedroog. Hy het nog effens gebloei en sy vat 'n lappie met alkohol vir ontsmetting. Hy wou badkamer toe gaan en sy sê hy moet die lappie weggooi.

Op die troon kry hy toe lus vir 'n sigaret, en om sy hande te bevry, gooi hy die snesies in die toiletbak, steek sy sigaret aan en gooi die vuurhoutjie agterna.

ONTPLOFFING! Sy agterstewe kry lelike brandwonde!

Die skade was groot en sy het die nood-dienste ontbied, wat hom toe met 'n draagbaar die trap afdra.

Halfpad ondertoe vertel die vrou wat gebeur het en die twee draers vind dit so snaaks dat hulle die draagbaar laat val en die man sy been breek!

•• Die storie is wat hulle 'n stadslegende noem. Dit het al op minstens tien plekke met 'n goeie vriend of kennis van die verteller gebeur.

Is jy al gereed vir **OUERSKAP?**

Hier is tien maniere om aan te dui of jy gereed is vir ouerskap.

VROUE:

Om voor te berei vir swangerskap:

Trek 'n kamerjas aan en druk 'n beanbag voor in. Hou dit daar vir nege maande. Ná nege maande, neem net 10% van die boontjies uit.

MANS:

1. Om voor te berei vir vaderskap: Gaan na die apteek, maak jou beursie by die toonbank oop en sê vir die assistent om homself te help. Gaan dan na die supermark en reël dat jou salaris direk by hul hoofkantoor inbetaal word.

2. Om uit te vind hoe dit in die nagte sal voel, loop van vyfuur tot tienuur al in die rondte in die sitkamer terwyl jy 'n nat sak van ongeveer 4 kilogram dra. Sit die sak tienuur neer, stel jou alarm vir middernag en gaan slaap. Staar om middernag op en loop weer in die sitkamer met die sak tot 01:00. Stel die alarm vir 03:00.

Omdat jy nie kan slaap nie, maak iets om te drink. Gaan slaap weer om 02:45. Staar op sodra die alarm afgaan. Sing liedjies in die donker tot 04:00. Stel die alarm vir 05:00. Staar op. Maak ontbyt. Hou so aan vir vyf jaar. Lyk baie gelukkig en uitgerus.

3. Hol 'n waatlemoen uit en maak 'n gaatjie ongeveer so groot soos 'n gholfbal in die skil. Hang dit onderstebo aan die plafon sodat die gaatjie onder is en swaai dit heen-en-weer. Neem nou 'n bakkie aangemaakte ontbytkos en probeer om die swaaiende waatlemoen te voer. Hou so aan totdat die helfte van die pap klaar is. Gooi die res uit in jou skoot. Jy is nou gereed om 'n 12-maande oue baba te voer.

Om gereed te maak vir kleuters, smeer Purity op die bank en konfyt teen die gordyne. Steek 'n visvinger agter die stereo weg en laat dit daar vir 'n paar maande.

4. Vergeet van die sportmotor en koop liever 'n Toyota. Moenie dink jy kan dit blink en skoon in die oprit los nie. Gesinsmotors lyk nie so nie. Koop 'n sjokoladeroomys en sit dit in die paneelkissie. Los dit daar. Druk 'n 5-sent geldstuk in die kassetspeler. Maak 'n gesinsgrootte pak sjokoladekoekies fyn en druk dit tussen die agterste sitplekke in. Krap die sykante van die motor met 'n hark. Daar's hy! Dit lyk pragtig!

5. Om klein kindertjies aan te trek is glad nie so eenvoudig en maklik nie. Koop vir jou 'n lewendige seekat en 'n groot sak. Probeer om die seekat in die sak te druk sodat nie een van die arms uithang nie. Tyd hiervoor toegelaat: Die hele oggend.

6. Leer al die name van elke karakter van Teletubbies tot Power Rangers. Sodra jy agterkom dat jy Postman Pat in die bad sing, kwalifiseer jy om 'n ouer te wees.

7. Gaan na die supermark, neem enigiets gelyk aan 'n voorskoolse kind saam. 'n Volgroeide bok is ideal. As jy vir meer as een kind beplan, moet jy meer as een bok saamvat. Doen nou jou weeklikse aankope sonder om die bok/bokke onder jou oë uit te laat gaan. Betaal vir alles wat die bok/bokke eet of breek.

8. Herhaal alles wat jy sê minstens vyf keer.

9. Voordat jy voortgaan om kinders te kry, vind 'n paartjie wat reeds kinders het en trap hulle uit oor die manier waarop hulle hul kinders grootmaak en dissiplineer. Stel maniere voor hoe hulle hul kinders se slaapgewoontes kan verbeter, hoe om hulle te *potty-train* en allerhande maniere van goeie gedrag.

Geniet dit – dit sal die laaste keer wees dat jy al die antwoorde ken.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Ferreira jferrei@randwater.co.za

Sterfplekke en grafte van J A Ferreira (1797 - 1835) en sy seun J S Ferreira (1822 - 1896)

Pretorius Info@impiwarriorsupplies.co.za

My oupa was Gideon Philippus Pretorius en my pa is Andries Philippus Pretorius. Ek wil graag die geslag terugwerk in die Andries en Marthimus Wessel Pretorius families.

Steyn Info@impiwarriorsupplies.co.za

Ek soek graag inligting oor my Oupa Steyn wat in die 1940's in Vryburg / Stellaland gewoon het. Hy was getroud met Jacoba Johanna Barnard, bekend as Marie. My ma is Elsie Adriana Steyn gebore.

Rossouw Info@impiwarriorsupplies.co.za

Ek is op soek na my oumagrootjie se voorgeslag. Sy is gebore Elsie Adriana Rossouw. Sy is met Marthinus Christoffel Barnard getroud en het in Vryburg gewoon. Enige inligting sal waardeer word. Hulle het 4 seuns (Jack, Buks, Tienie en Dons) en 2 dogters (Marie en nog een) gehad.

Nog vanne wat ingekom het: Boonzaaier; Heunes.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

KALMEER NOU TOG!

'n Pasiënt in 'n rolstoel jaag teen 'n dolle vaart in die hospitaal se gang af net voor hy geopereer moet word. 'n Verpleegster keer hom voor en wil weet wat is fout.

Hy sê: "Ek het gehoor hoe die teatersuster sê moenie bekommerd wees nie. Dis 'n eenvoudige prosedure. Ek is seker jy sal oukei wees."

"Sy wou jou maar net op jou gemak stel," sê die verpleegster.

"Waarom het dit jou so ontstel?"

"Omdat sy nie met my gepraat het nie. Sy het met die dokter gepraat!"

Die storie van die 'dissipel' PAULUS

'n Beskonke boemelaar staan een aand in die straat en bedel.

Skielik versky daar 'n netjies geklede man met 'n baard wat hom R100 rand aanbied.

Die boemelaar is skoon oorstelp. "Jinne, m-meneer, maar dis 'n yshlike, ek bedoel yslike k-klomp geld. Ek kan g-g-glad nie onthou wanneer ek l-laas sove ... soveel geld vasgehou het nie," sê hy en rol die R100-noot heen en weer tussen sy vingers.

"S-sê my men-eer, a-as ek mag vra: wa-wat is meneer se naam?"

"My naam is Paulus," antwoord die weldoener.

"P-P-Paulus!" roep die boemelaar verbaas uit. "Wee' jy P-Paulus, ek wou jou nog altyd ontmoet het om vir jou te v-vra: Daai Korint-Korintiërs – he-he-het hulle toe ooit vir jou terugge-teruggeskryf?"

Die gesoem van die bye

Israeliese navorsers het vasgestel dat blomme die geruis van die vlerke van bye en hulle gezoem herken en dan meer nektar produseer om hulle oorlewing as spesies te verseker. Die hoeveelheid suiker in die nektar verhoog met tot 20% binne drie minute.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



**Bring vir
Cliffie 'n dop!**

Die rugbylegende Cliffie Etzebeth is verlede jaar oorlede.

DANA SNYMAN

het in 2010 met hom gesels oor hom en sy broer Skattie se rowwe lewens, hoe hulle Morné du Plessis moes beskerm en hoe jy 'n bakleiery begin.

Dis asof die Goodwood-sportklub se kroeg effe stiller raak toe Cliffie Etzebeth by die deur instap met sy lang lyf. Party ouens staar na hom. Ander probeer maak of hulle nie staar nie. wag

Dis asof almal wag vir iets om te gebeur, maar Cliffie

laat rus net sy knobbelrige hande op die toonbank en sê so onderlangs: "Kry 'n mens nie iets hier om te drink nie?" "Kom help vir Clifford!" roep iemand. "Bring vir Clifford 'n dop!"

Die kroegvrou skarrel nader. Niemand wil moeilikheid hê nie, want Cliffie is mos 'n Etzebeth – een van daái Etzebets.

Min mense in die Kaap het nog nie van die rowwe Etzebets gehoor nie. Ook in die Noorde weet mense van hulle, want Cliffie het op sy dag op stut en slot vir die WP gesak. Hy en sy oorlede broer, Skattie, was ook Springbok-stoeiers.

Oral hoor jy stories oor hulle: Hoe rof hulle op die rugbyveld was. Hoe Cliffie daai aand in daai kroeg daai ou geslaan het. Hoe Skattie glo eenkeer 'n sigaret op 'n ou se bolip doodgedruk het . . . Probleme, probleme, probleme.

Cliffie kry 'n bier en gaan sit by 'n tafeltjie met 'n plastiekkleedjie oor. Ek gaan sit langs hom, want as jare lange WP-ondersteuner wou ek hom nog altyd ontmoet. Cliffie het onder meer in 1977 in daardie wedstryd op Loftus gespeel toe Morné du Plessis vir Naas Botha bewusteloos geduik het – en byna 'n burgeroorlog in Suid-Afrika ontketen het.

Maar eers gesels Cliffie oor Bakkies Botha. Baie ouens hier praat vanaand oor Bakkies, wat Saterdag mos weer van die veld gejaag is.

"Bakkies is dom, man." Cliffie se stem is sag, amper té sag. "Hoe kan jy 'n ou oop en bloot met die kop slaat? Jy kyk mos eers waar die skeidsregter is. Morné was die beste daarmee. Hy't jou met die elmboog geslaan, of die knie. Maar daai tyd was dit makliker. Die vlagman het nie 'n sê gehad nie. Jy kon die ou voor die vlagman slaan, hy kon niks doen nie."

Destyds is geglo elke goeie rugbyspan moet 'n meanie hê. Iemand soos Cliffie vir die WP, of Moaner van Heerden van die Blou Bulle, of Kevin de Klerk van Transvaal.

Cliffie wens hy kon deesdae rugby gespeel het. "Hierdie ouens van nou word betaal. Hulle het die tyd om te oefen. Ons het twee keer 'n week geoefen. Jy kry R5 vir 'n oefening. As jy 'n wegwedstryd speel, kry jy R30. Hulle gee vir jou so 'n bruin koevertjie. Op die vliegtuig op pad terug gooi ons almal ons geld bymekaar. Dan kies elke man 'n nommer. Dan trek iemand die nommers, dan kry die wenner al die geld. Dok Augey Cohen, ons spandokter, het dikwels die geld gewen."

Cliffie kyk na sy hande asof hy self verbaas is oor al die knoppe en skewe vingers. Hy het in Epping, 'n voorstad hier naby, grootgeraak. Sy pa, Stoffel, was 'n werker op die Spoorweë.

"Ons was nege kinders – daar was daai tyd mos nog nie TV nie." Cliffie druk 'n glimlaggie uit. "In my pa-hulle se kamer het somer drie wiegies vol kinders gestaan. Vier van ons broers het saam op 'n bed geslaap."

Cliffie bly 'n ruk stil. "Skattie was eintlik die moeilike een." Skattie was die oudste broer en is in 1993 doodgeskiet terwyl hy besig was om

skuldinvordering in Belhar te doen.

Cliffie trek met sy glas 'n wye kring oor die tafel. "Ons moes ná skool gaan werk. Ek en Skattie was saans nog bouncers ook, vir ekstra geld. Daai tyd mag jy nog 'n ou gedonner het. Partykeer as daar nie iets is om te slaan nie, dan sê Skattie: 'Dis einde van die maand, kom ons sak gou Central Hotel toe. Die Spoorweg-ouens het geld gekry.' "

"Hoe begin 'n mens 'n bakleiery met iemand wat niks aan jou gedoen het nie?" vra ek.

"Maklik. Jy vat net sy drank af." Cliffie lag nie.

Maar blykbaar is nie al die stories oor die Etzebets waar nie. "Die ouens las sterfte by. Een aand staan ek en Skattie weer in die Goodwood Hotel. Ons praat rugby. Een ou vra vir Skattie: 'Ken jy die Etzebets?' Skattie sê: 'Ja, ek ken hulle.' Toe vertel die ou vir Skattie hoe het hy ons al gedonner." Cliffie skud sy kop. "Toe rol Skattie maar die ou om."

Dit was ook nie Skattie wat die sigaret op die ou se lip doodgedruk het nie – hy het die ou gaan help op wie se lip die sigaret doodgedruk is.

"Dit was in die ou Duikboot-kroeg by Nuweland. Ek en Skattie staan die Saterdag daar. Hier kom sê 'n ou: 'Skattie, iemand druk sommer sy siegret om my lip dood, man.' Skattie sê vir hom: 'Wys vir my die ou.'

"Toe wys die ou na drie sulke groot manne. Ek dog Skattie slaat een van hulle dood, so skreeu daai ou."

Cliffie se stem raak nog sagter wanneer hy oor oorlede Dok Craven en oorlede oom Boy Louw praat. In 'n sekere sin het rugby en stoei sy lewe gered. Daarin kon hy die frustrasies van 'n swaarkrylewe in Epping uitwoed.

"Oom Boy het my Ez-te-beth genoem, nie Etzabeth nie. Daai dag toe Momé vir Naas so gerol het op Loftus, toe kom oom Boy voor die wedstryd na my toe en sê:

'Ez-te-beth, vanmiddag is jou derde wedstryd vir Provinsie. Vanaand kry jy jou baadjie. Wys hulle wie die ware jy is."

'n Langerige stilte.

"Ek weet nie of mense besef nie, maar daai mense in Pretoria wou vir Morné daai dag doodmaak. Ná die wedstryd toe skree 'n poliesman vir Morné: 'As ek nie my uniform aangehad het nie, het ek jou nou gedonner, Du Plessis!'

Toe sê oom Boy vir my en Flip van der Merwe: 'Manne, julle twee pas vanaand vir Momé op.' Toe kry Flip 'n kas Amstel. Toe gee ons vir Morné die klomp Amstel en sê hy moet in die hotelkamer bly, ons gaan eers paartie hou. Later die aand toe ons terugkom by die hotel, toe is Morné darem nog orraait. Toe gee Morné vir ons ook Amstel."

So drie jaar voorsy dood het Skattie tot bekering gekom. Hy het die bakleiery gelos. Op Facebook is deesdae selfs 'n blad: "In memory of Skattie Etzabeth."

"Skattie is 'n goeie ou dood," sê Cliffie. "Jy moes sy begrafnis gesien het. Dok Craven-hulle het met 'n Kombi van Stellenbosch af gekom."

Cliffie maak weer 'n kring met die bottel voor hom op die tafel.

"Ons het nie altyd genoeg kos gehad toe ons kinders was, dan skiet ons tortelduiwe met die kettie, dan maak my ma vir ons sop. Later toe raak die tortelduiwe min, toe vat ons sommer twee van my pa se vliegduiwe."

Deesdae werk Cliffie vir die Kaapse stadsraad. Hy is geskei, maar het 'n nuwe vriendin. Hy is president van die Goodwood-stoeiklub en stoei op die ouderdom van 61 steeds. Binnekort gaan hy aan die wêreldkampioenskapstoernooi vir veteraanstoeiers in Switserland deelneem.

Netnou het 'n dronkerige kêrel in ons rigting geskreeu: "Slaat hulle uitmekaar uit, ek sê!" Maar Cliffie het dit nie gehoor nie. Of hy het gemaak of hy nie hoor nie.

Baie dinge in die lewe kan jy nie reg slaan nie, het hy al geleer. Ons almal wil mos goeie ouens doodgaan.

♦ **Cliffie en Skattie was die broers van Harry, pa van die huidige Springbokslot Eben Etzabeth.**

Die volgende KAMMANUUS verskyn op
18 FEBRUARIE 2019